

THEART OF RESEARCH



Gooi TB-behandeling dinge “daar onder” omver?

Tuberkulose kan vroue op meer maniere aantast as waarvan ons weet. Lewensreddende TB-terapeutiese middels kan wanbalanse in die vaginale ekosisteme veroorsaak en uiteindelik die risiko vir MIV-infeksie verhoog.

Dr Shantelle Claassen-Weitz is 'n postdoktorale navorsingsgenoot aan die Universiteit van Kaapstad

ORCID ID:

<https://orcid.org/0000-0003-2175-3776>

Further information:


tellafiela@gmail.com

Tuberkulose – een van die toposes dodelikste siektes by vroue – kan doeltreffend met langtermynantibiotika behandel word. Daar is egter al getoon dat TB-behandeling veelvuldige kommensale bakterieë in die derms uitput. Ten spyte van hulle potensiaal om die vaginale ekosisteme te ontwrig, was daar nog net een studie om die uitwerking van TB-geneesmiddels op vaginale bakterieë te ondersoek. Dit is dalk geen verrassing nie, aangesien vorige ondersoeke getoon het dat daar 'n gebrek aan befondsing vir navorsing oor vroue se gesondheid is.

Claassen-Weitz en die Mucosal Infections Group (MIG) se hipotese is dat TB-behandeling die vaginale ekosisteme kan ontwrig. Vaginale mikrobiële disbiose kan weer tot laer doeltreffendheid van antiretroviraalgebaseerde voorblootstelling-profilakse (PrEP) en 'n groter risiko vir MIV-infeksie lei. Vroue op TB-behandeling kan 'n lewendige bioterapeutiese produk (LBP)/probiotikum nodig hê om die ontwrigtende uitwerking van lewensreddende TB-geneesmiddels op hulle vaginale ekosisteme te beperk.

Claassen-Weitz hoop om 'n longitudinale studie te onderneem en vroue voor, tydens en ná TB-behandeling te volg om die uitwerking van TB-geneesmiddels op vaginale ekosisteme te ondersoek.

Die ondersoek van die verband tussen TB-behandeling en vaginale disbiose kan die weg baan vir die ontwikkeling van probiotika.



Claassen-Weitz beplan voorts om te ondersoek hoe vaginale disbiose ná TB-behandeling die PrEP-doeltreffendheid en risiko vir MIV-infeksie kan raak.

“'n Begrip van die meganismes agter vaginale disbiose ná TB-behandeling kan die nodige kennis verskaf om met die ontwikkeling van LBP's/probiotika te help. Dit kan die potensieel ontwrigtende uitwerking van TB-behandeling op vaginale gesondheidsuitkomst, insluitend die risiko vir MIV-infeksie, teenwerk. Voorts sal uitreikprogramme gevestig word om vroue op te voed oor die uitwerking van TB-behandeling op hulle vaginale gesondheid en om in die toekoms

aan hulle 'n terapeutiese middel te verskaf om saam met TB-middels te neem,” sê Claassen-Weitz.

Hierdie studie sal vasstel of vaginale mikrobies ná TB-behandeling ontwrig is en 'n platform verskaf om te verstaan hoe TB-middels vaginale ekosisteme beïnvloed sodat terapeutiese middels ontwikkel kan word. Sonder hierdie kennis sal vroue nie weet of lewensreddende TB-middels 'n risikofaktor vir vaginale disbiose is, wat hulle risiko vir MIV-infeksie verhoog nie. Geen terapeutiese middels sal ook ontwikkel word vir hierdie kommerwekkende kwessie, wat tans nie ondersoek word nie.

Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtofResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.

